Ons aanbid Christus. Ons ontheilig Hom nie met godsdienstige feeste nie

Ds. PJ Kriel 28.01.2024

Inhoud Hierdie preek wys wat aanbidding van Jesus Christus is. Dit is om Hom as God te vertrou vir alles wie God is en wat God doen, en Hom lief te hê vir alles wie God is en wat God doen. Dit wys hoe mense in hulle goddeloosheid soos die Israeliete by die berg Sinai God ontheilig deur alles wie God is en wat Hy doen aan hulle eie handewerk, en so aan hulleself toe te dig. Deur godsdienstige feeste ontheilig goddeloses vir God en bevry hulle hulself daarvan om God te aanbid.

Skriflesing Matteus 28: 16 -20; Exodus 32: 1 – 9, 15 – 20. 25.

Teks Mat. 28: 17 "Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel."

Tema Ons aanbid Christus. Ons ontheilig Hom nie met godsdienstige feeste nie.

1. Gelowiges aanbid Christus, maar goddeloses bevry hulleself van die aanbidding van God met godsdienstige feeste. Dit is die kontras tussen die dissipels en die Israeliete by die berg Sinai.

Wat is aanbidding?

Dit is 'n algemene misgissing dat aanbidding is om te sing en te bid. Hierdie misgissing word vandag uit geleef met die woorde "lofprysing" en " praise en worship." Só gebruik beteken aanbidding saamsing en saam bid.

In wat Israel met die goue kalf doen ontdek ons wat aanbidding nie is nie en so kan ons sien wat dit moet wees. volgens hulle is hulle met die goue kalf besig met aanbidding. Só! Hulle sê vir die beeldjie van God wat hulle gemaak het – "Hier is ons gode wat ons uit Egipte gelei het."

Wat maak hulle met hierdie verering van die kalfie op hierdie manier met God? Alles wat God as skepper gedoen het: om die mag van die Farao met sy skeppingskragte te breek sodat hy die Israeliete wou weg hê uit sy land, die kragtige skeppingsmag waardeur die Here hulle veilig deur die Rooi See laat trek het en die weermag van die Egiptenare laat verdrink het, God se skeppingskrag waardeur Hy brakwater vir hulle goeie drinkwater gemaak het en sy skeppingskrag waardeur Hy vir hulle vleis uit die hemel en brood uit die grond gegee het, met kwartels en manna, dit hulle toe asof dit gebeur het deur die krag van hulle eie handwerk – hulle kalfie. Só dig hulle alles wie God is en wat God doen, toe aan hulle self. Hulle vereer iets wat hulself maak met die grootheid en magtigheid van God self.

Wat doen hulle met God as skepper deur alles wat Hy is en doen toe te dig aan hulle eie handewerk? Hulle ontheilig God! Hulle ontgoddelik God deur hom van sy aanbidding te roof. Hulle vertrou op hulle eie handewerk vir alles wat God is en doen en hulle het hulle eie handewerk lief met die liefde wat God toekom.

2. Die ontheiliging van God is presies die teenoorgestelde wat die dissipels met Jesus Christus doen. Toe hulle die Here gesien het wat as mens uit die dood uit opgestaan het, het hulle Hom aanbid.

Gesien beteken hulle het in Hom geglo.

Hulle het gesien dat Hy wat gely het, gekruisig was, gesterf het weer ‘n lewende mens van vleis en bloed met hulle is. Hulle het gesien Hy is die losprys vir hulle sondes gewees. Hulle het gesien Hy is God wat deur die krag van sy godheid weer lewend mens is na sy dood. En hulle het Hom gehoor! Hulle het gehoor Hy het alle mag om die offer vir hul sonde te wees sodat hulle heilig vir God se liefde is. Hulle het gehoor dat Jesus Christus is God met ons wat alles wie God is en doen vir ons is en doen.

Die dissipels het niks toegedig aan Jesus nie. Hulle het alles wie Hy is en gedoen het erken. Dit is aanbidding! Om die Here Jesus met jou hele hart, jou hele verstand, jou hele siel en al jou krag te vertrou vir sy liefde waarin Hy alles vir jou is. Aanbidding is om die Here Jesus lief te hê met jou hele hart, verstand, siel en al jou kragte vir alles wat Hy as God vir jou is en doen.

Israel wou hulle van hierdie aanbidding van God bevry! Dit is wat goddeloosheid is: om jou van die aanbidding van God te bevry. Hoe het hulle hulself van die aanbidding van God om Hom in alles te vertrou en in alles lief te hê, bevry? Dit doen hulle deur ‘n godsdienstige offerfees.

Ons moet die boosheid van Aaron met die volk se goddeloosheid raaksien. Die volk ontheilig God deur sy aanbidding van Hom te roof om hul eie handwerk en hulself te aanbid. Wat maak Aaron met hierdie ontheiliging van God? Hy bou ‘n altaar en roep ‘n offerfees vir die Here uit. Hulle aanbid hul gode en Aaron skep die skyn asof dit aanbidding van God is. Die woord wat Aaron gebruik “HERE” is God se verbondsnaam. (Ex.3: 14) Aaron hou hul afgodsdiens voor as ‘n offerfees vir God sodat hul goddeloosheid en selfaanbidding as die verering van God kan beoefen. Só heilig hy hulle ontheiliging van God.

3. Hoe lyk hierdie godsdienstige fees waarmee Israel God as God ontheilig?

Die eerste wat hulle doen is om ‘n offerfees te hou. Hierdie offers vir die bulkalf is heeltemal iets anders as die offers wat God aan hulle sou voorskryf. God se offers was vir hulle uitbeeldings dat hulle nie self die offer vir hul sonde is nie, maar dat God self die offers vir hulle sonde gee. Die offers wat hulle vir die bulkalf bring is nou totaal iets anders. Nou glo hulle hul gee vir hul gode wat die gode nodig het. Met brandoffers betaal hulle nou vir hul sondes en maaltydoffers voer hulle hul omdat hul god honger is. Asaf beskryf die verskil van offers aan God en hul offers aan hul gode in Ps. 50 só: “Ek sal nie uit jou stal ‘n bul vat, bokramme uit jou krale nie, want aan My behoort al die wild in die bos, die diere op ‘n duisend berge. ... As ek honger word sal Ek jou nie sê nie want die wêreld en die volheid daarvan is myne. Eet Ek die vleis van bulle, en die bloed van bokramme, drink ek dit? ... Offer dank aan God, betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. Roep My aan in ‘n tyd van nood; Ek sal jou red en jy sal My eer.” (verse 9 – 15) Deur hulle gode te betaal met vleis vir sonde en te voer omdat hulle honger is, ontheilig hulle god vir redding uit Egipte waarvoor hulle Hom moes eer.
Die tweede deel van die godsdienstige fees was ‘n gekuier saam met hulle gode. Dit word so beskryf: hulle het gaan sit om te eet en te drink. (Ex.32:6) Hierdie is nie

sommer net ‘n sosiale geselligheid nie. Dit is ‘n godemaaltyd. Hulle eet en drink die offers wat hulle aan die gode gebring het as ‘n manier om gesellig deel van God se goddelikheid te wees. (1 Kor.10: 18 – 22) Paulus noem hierdie gekuier saam met God die tafel van demone.

Die derde deel van hulle godsdienstige fees word genoem – om hulle self te vermaak. (32: 5) Deel van hierdie vermaak was kringdanse van die vroue. (32: 19) Hierdie “vermaak” is in eie 1953 vertaling as “om te speel” en in die 1983 vertaling as om wellustig te kere te gaan “ vertaal. Dit was sensuele en erotiese godsdienste vermaaklikheid met God self. Hulle het geglo dat hulle driftigheid is hul gode wat hul vermaak. Moses het deur hierdie sensuele selfvermaak asof dit godsdienstige vrolikheid met God is. gekyk: “Moses het gesien dat die volk losbandig is, want Aaron het hulle losbandig laat word.” (32: 25) Paulus beskryf hierdie godsdienstige feeste met God wat ‘n afgod gemaak is, en losbandigheid wat as godsdiens gevier word in Rom. 1: 18 – 32.

Hulle ontheilig God as God vir alles wat God vir hulle gedoen het met ‘n godsdienstige offerfees, ‘n kuier geselligheid met God en driftige geestelikheid – so maak hulle god gode sonder ‘n Tien Gebooie. So maak hulle losbandigheid hulle aanbidding.

4. Wat is die diepte van die geestelike ontheiliging van God deur godsdienstige feeste?

Hulle maak van die aanbidding van God die feestelike gesing van lofprysing, gesellige kuier met God en offers om God mee te versorg. En as die fees klaar is wat dan? Dan leef hulle deur die res van die week of maand of jaar sonder enige aanbidding want die gewone lewe is nie ‘n godsdienstige feestelikheid nie.

Na die feestelikheid is daar geen vertroue in en liefde vir hierdie afgodsbeeldjie nie. In die week leef hierdie goddeloses in die geloof in hulle eie handwerk. Leef hulle in vertroue en liefde met hulle hele hart, siel, verstand en al hul kragte in hul self, hul geliefdes, hul mag en geld. Met die aanbidding in godsdienstige feeste bevry hulle hulself van die aanbidding van God in die lewe.

Hoe het die dissipels Christus aanbid toe Hy aan hulle verskyn het in Matteus 28? Hulle het nie geprys en “geworship” nie, geen lofliedere tot Hom gesing nie. Hulle het geen kringdanse om Christus gedoen nie en nog minder enige offers aan hom gebring nie.

Toe hulle hom sien het hulle hom aanbid. Hulle het Hom vir alles vertrou waarvoor Hy Homself as Here en God teenoor hulle openbaar het. Hulle het Hom vertrou as die Here wat self mens is en die godverlatenheid van sondaar op Homself geneem het sodat Christus in en deur alles God met hulle is. Hulle het Hom liefgehad vir wie Hy as Here is. Hierdie Aanbidding van die Here as vertroue in en liefde vir Hom met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte – is ‘n daaglikse lewenswyse. Dit is nie godsdienstige feestelikheid met offers, geselligheid met God en driftige geestelikheid nie. Ons aanbidding is om in vertroue te leef in Christus se liefde vir ons en met liefde vir Hom te leef in alles, vir alles en deur alles omdat alles vir God uit God en tot God is.

Ons aanbid Christus. Ons ontheilig Hom nie met godsdienstige feeste nie

Die godsdienstige feeste van geestelikes soos Aaron roof God en ons van die aanbidding van God – vertroue en liefde in, vir en deur alles vir ‘n godlose lewe waarin ons onsself en enige anders as God so vertroue en liefhet.

5. Hierdie geestelike feeste met God is totaal iets anders as die eredienste waarmee ons as gelowiges op Sondagoggende besig is.

Ons eredienste is ons openbare verering van God as die geloofsgemeenskap wie God  elke dag en nag aanbid. Omdat ons God die hele week, elke dag en nag vertrou vir sy liefde en Hom liefhet met ons hulle hart, siel, verstand en al ons kragte, eer ons God ook openbaar as gemeenskap van gelowiges. In ons openbare eredienste is daar geen offers nie. Dit kan en sal nooit offerfeeste kan wees nie. Ons gee nie vir God ons hart, lewe, werk, kinders, taal en land vir God as offer vir ons sondes nie. Christus was die enigste offer vir ons sondes en ons vertroue Hom en het Hom lief – ons boots nie sy offer na in ons eredienste nie.

Ons eredienste is ook nie ‘n gesellige kuier met God waarin ons ons eenheid met sy goddelikheid vier nie. Ons ervaar nie ons eenheid met sy goddelikheid in ons met “belewenisse” nie. Ons eer, dank, loof en prys Hom as mense wie nie God of goddelike is nie, omdat ons Hom as God vertrou en liefhet.

Ons beleef ook nie God in gespring, gelag, gedans, arms rondswaai en om baldadigheid sensueel en eroties met mekaar te wees met polsende musiek onder flikkerligte en stroboskope nie. God is nie ons selfbelewenisse nie. Hy is ons Here en God – so aanbid ons Hom elke dag en vereer Hom in eredienste.

Teenoor ons as gelowiges se aanbidding en verering van God, staan daar vandag ‘n skare van geestelike Aaron ’s gereed met die altare wat hulle voor die massas se afgodsbeelde van Jesus opgerig het. Altare waarop mense hulle self moet kom opoffer, hul lewe, hart en kinders vir God gee vir hul sondes en dan vermaaklik met God moet besig wees. Die godsdienstige feeste van goddeloses wat God ontheilig vir al sy versorgende dade en hulle eie handewerk vergoddelik!

Ons aanbidding van God is om Hom met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte te vertrou vir sy versorgende en bewarende liefde en Hom lief te hê met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte. Hy het ons geheilig in sy liefde om Hom in aanbidding te heilig. Ons aanbidding is nie die ontheiliging van God met geestelike offer- en kuierfeeste nie.